

DIE N.P. van WYK LOUW GEDENKLESGING
UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG
11 SEPTEMBER 2008

DR F VAN ZYL SLABBERT

1. Ek is nie in staat om 'n Afrikaans Letterkundige oorsig te gee nie. Al wat ek kan doen is om anekdoties, biografies en analities te gesels rondom my ervarings oor Afrikaans as taal en wat dit nog steeds vandag vir my beteken.
 2. In matriek was my onderwyser in Afrikaans 'n Mn^r Combrink. Die voorgeskrewe werk wat 'n geweldige indruk op my gemaak het was: Die uur van verlange, deur W.A. de Klerk.
 3. Gedeeldelik as gevolg van Mn^r Combrink se invloed en deur 'n sameloop van omstandighede het ek besluit om teologie te studeer ter voorbereiding vir 'n predikantskap. Vanaf standaard 8 tot matriek het ek elke Sondag sending werk gedoen by die plaaslike hospitaal. Ek noem dit omdat sendingwerk 'n beduidende rol gespeel het en my sekularisasie en my besluit om nie meer predikant te word, meer hieroor later.
 4. In 1959 was ek 'n eerste jaar student op Wits en was Afrikaans een van my vakke. Een van my dosente was N.P. van Wyk Louw. Hy het toe pas uit Holland teruggekeer. Hierdie gedenklesing is veronderstel om te gaan oor "bepaalde aspekte van van Wyk Louw se werk "(vergelyk Kannemeyr bl. 386). Ek is nie bekwaam om dit te doen nie. Wat nog altyd by my gebly het was Raka, Vier gebede by jaar-tye in die Boland en Lojale Verset:

(Natuurlik ook Breyten en my se geliefkoosde vers wat ons by gemoedelike geleenthede vir mekaar sê: “Eet my brood, drink my wyn, en hou my hart van goede rein”.) Ek was te onkundig om hom werklik na waarde te ag in my eerste jaar, maar hy het nietemin ‘n blywende indruk op my gemaak. Hy het my gehelp om die belangrikheid van twyfel te waardeer.

5. In 1960 is ek Stellenbosch toe, en het Afrikaans 2 en 3 voltooi. My dosente was D.J. Opperman, Eitemal en by geleentheid, WEG Louw.
6. In 1961 kry ek graad en gaan toe kweekskool toe. Ek het voorgegaan met sendingwerk en is in 1961 uit Langa uit verjaag: Dus toe ek ernstig probeer verstaan het wat Apartheid beteken. My professor in dogmatiek publiseer ‘n geskrif met die titel: Apartheid die wil van God, wat ek verskriklik walglik gevind het. Intussen het ek die teologie van Karl Barth bestudeer wat ‘n onderskyding tref tussen die “algemene” en besondere genade” van God.
7. In 1964 nadat ek die kweekstoel verlaat het, word die pos van tydelike Junior Lektor by die Dept Sosologie op U.S. aangebied. Dit was die begin van my akademiese loopbaan. In hierdie tyd ontmoet ek Adam Small en Dick van der Ross. Beide beklemtoon vir my dat Apartheid die taal gaan vernietig. Ons reel toe ‘n vergadering op Elgin waar sogenoemde blanke en kleurling Afrikaans sprekers kom. Vorster was verskriklik omgekrap hieroor en ek verneem hy vertel mense ek “hoereer polities met Afrikaans”.
8. Ek doseer op Stellenbosch, Kaapstad, Rhodes (op Rhodes was Andre Brink en ek, kollegas en het ons vriendskap begin), en Wits voor ek die politeik

betree in 1974. In 1979 word ek leier van die opposisie: Die dag wat ek Parlement toe is, is Breyten tronk toe. Toe ek leier van die opposisie word, vra ek PW Botha of ek vir Breyten kan gaan kuier in die tronk.

9. Breyten is in 1981 losgelaat en ek besoek hom in Parys. In 1986 bedank ek uit die Parlement, stig saam met Alexander Boraine, IDASA en probeer dialoog tussen Wit en Swart te bevorder. So volg Dakar in 1987. (Die Kremetart boom). Dwarsdeur al hierdie gebeure bly my Afrikaan identiteit ‘n bron van verwondering. (In 1988 word ‘n konferensie by die Victoria Valle gereel oor ‘n “toekomstige kulturele Suid Afrika sonder Apartheid”. Dis hier waar Antjie Krog vir die eerste keer die ANC in bannelingskap ontmoet het. Dit het in blywende impak op haar gemaak).
10. Wat is ‘n Afrikaner? Terblanche Holistiese metafisika. (“Die geklingel van die melkemmer”.)
11. Ten einde gaan dit oor die oorlewing van die taal. (Verbastering. Verkies van politieke mag). Die oorlewing van ‘n taal word ook deur demografiese werklikheid bepaal. (Universiteit van Stellenbosch en Kanseleerskap).
12. Die filosoof wat die grootste invloed op my denke gehad het was/is Karl Popper. Die kern van sy filosofie is die belangrikheid van twyfel. Dit het ek die eerste keer van Wyk Louw geleer. Daar is nie iets soos omfelbare kennis nie.